Geskryf deur Liz Mari Roets


# Avontuur IN DIE LUG

**'n Lugballonvlug is een van daardie kleindogtertjiedrome wat ons elkeen gehad het voordat ons groot (en dom) genoeg was om te weet van iets soos hoogtevrees. Maar wat is avontuur sonder 'n bietjie vrees?**



• *Onthou om in te skryf vir ons kompetisie op bladsy 103*





## 1 WIE SAL DAARVAN HOU?

Oud en jonk sal dit geniet, want dis 'n unieke ervaring. Diegene met hoogtevrees hoef nie bekommerd te wees nie. Almal met hoogtevrees wat dit al aangedurf het, ontspan baie vinnig sodra hulle in die lug is. Adrenalienvrate mag dit dalk 'n bietjie rustig vind, maar selfs hulle geniet die uitsig van hoog bo in die lug.

## 2 HOEVEEL KOS DIT?

Die klassieke vlug is R2 000 per persoon en die Safari-vlug is R2 300 per persoon. Beide die onderskeie vlugte sluit die volgende in: tee of koffie voor die vlug, 'n vlug van min of meer 'n uur, sjampanje en lemoensap na die vlug, 'n Engelse buffet-ontbyt en dan ook nog 'n sertifikaat wat deur die vlieënier onderteken is.

## 3 WAT MOET JY SAAMVAT?

Die span by AirVentures beveel 'n langbroek vir mans en dames aan en lae klere om gemaklik by die temperatuur te kan aanpas. Die vroeë oggende kan nogal *chilly* wees - veral in die winter. Gemaklike toe skoene wat kan vuil en nat word, word ook aanbeveel. Nadat die ballon geland het, word daar dikwels deur die veld gestap. Onthou 'n sonbril, kamera en verkyker.

## 4 HOEKOM AIRVENTURES?

AirVentures is die enigste operateur wat 'n Safari-wildbesigtigingsvlug in die Cradle of Humankind-area aanbied. Hulle innoverende maatskappy is ingerig om 'n eersteklas, trots Suid-Afrikaanse *African experience* aan te bied. Hulle was al ses keer Tourism Award wenners. As dit nie 'n bewys is van hoe goed hulle is nie, weet ek nie!

> *"Hier gaan ons nou... So grasieus, so lig, so rustig."*



Daar is iets magies rondom 'n lugballon. Dit is asof dit 'n onverklaarbare groot mate van opgewondenheid saam met die gekleurde materiaalmassa bring. Dis een *huge* ballon wat 'n mandjie en mense, wat ekstra klein daarin voel, in die lug hou. Die perfekte kombinasie van mooi en avontuur in 'n mandjie.

AirVentures bied só 'n avontuur aan. Die opwindende dag het aangebreek en ons is haastig op pad Kloofzicht Lodge toe. By ontvangs aangekom is daar 'n vriendelike verteenwoordiger van AirVentures en ons moet die register teken. Na 'n vinnige koppie koffie word ons almal bymekaargeroep en weggelei na die vliegveld. Jy hoor dit voor jy dit *actually* sien. Drie ballonne in 'n ry lê langs mekaar op die grond en is met koue lug opgeblaas. Die balkonne word vinnig-vinnig opgelig met die warm lug van die vlamme wat by die *burners* uitblaas.

Ons word in verskillende kompartemente opgedeel (alles volgens gewig) en ons klouter in. Ons vlieënier, Adam, stel homself voor en gee vir ons 'n *pre-flight briefing*, die belangrikste deel van die vlug! Die ballon word verhit, en skielik is daar spasie tussen die mandjie en die grond! Hier gaan ons nou... So grasieus, so lig, so rustig.

Ons vlieg laag, en dan weer hoog, die ballon kan nie gestuur word nie en Adam gebruik die verskillende winde om ons in 'n sekere rigting te stuur.

Die uur is te gou verby en ons maak gereed om te land. Gelukkig is dit 'n kalm oggend en die mandjie hop net twee keer liggies. *Touch down*! Na dié ongelooflike ervaring wag daar sjampanje en lemoensap waarmee ons die vlug vier. Ons ontvang ook sertifikate vir ons bravade wat deur Adam, ons vlieënier, onderteken is.

Na die groot opwinding en te veel *wow* om in te neem keer ons terug Kloofzicht met 'n groot aptyt vir 'n volle buffet-ontbyt, die perfekte manier om die ervaring af te sluit.

Moenie jou kleindogtertjiedroom verloor en bewondering vir die majestueuse ballon verruil vir grootword nie.

Jy sal in die wolke sweef van lekkerte. Die uitsig is *to die for* en dit sal selfs jou liefie se praatjies oor rugby romanties laat klink.